Noordelike Sinode

TAAKSPAN HERMENEUTIEK 1&2&3
Verslag

1. Opdrag

Om predikante die geleentheid te gee om o.l.v. ‘n fasiliteerder gesprekke te voer oor verantwoordelike Bybellees.

2. Taakspan

Taakspanleier: James Kirkpatrick
Taakspanlede: Paul Grobler, Riaan Odendaal, Theo Oosthuyzen, Rehan Rheeder, Fritz Snyman, Natalie-Ann van Blerk, Peet Venter.

Die taakspan het in se opdrag is elke jaar herhaal. Daar was dus in wese drie taakspanne: Taakspan Hermeneutie 1 (2023/24), Taakspan Hermeneutiek 2 (2024/25) en Taakspan Hermeneutiek 3 (2025/26).

3. Uitvoering van die opdrag

James het materiaal ontwikkel wat hy vir twee toetsgroepe nl. die moderatuur, asook die moderatuur en die taakspan gesamentlik, aangebied het. Daarna is die materiaal tydens vyf Wegbreke gebruik om groepsgesprekke oor Hedmeneutiek te begelei. Hierdie Wegbreke is telkens deur 15-20 mense bygewoon. N.a.v. terugvoer, en ter wille daarvan om vars en relevant te bly, het James sy aanbiedings telkens aangepas met die oog op sy aanbieding vir ‘n volgende groep.

Na afloop van die Wegbreek het James al die powerpointskyfies wat hy gebruik het, vir die wegbreekgangers beskikbaar gestel met die oog op verdere gebruik. Drie predikante waarvan ons weet het dit reeds in hulle gemeentes aangebied en een het sy ringskollegas daarmee verryk.

Die Wegbreke is by Tsekama, ‘n pragtige venue buite Modimolle gehou. Wegbreekgangers het in enkelkamers met eie badkamers geslaap. Daar is spesiek moeite gedoen met verhoudingsbou o.l.v. Fritz Snyman. Die kos was heerlik en kuiertyd genoeg.

‘n Totaal van ongeveer 100 uit die nagenoeg 150 predikante van die Noordelike Sinode het dit bygewoon.

4. Verdere beplanning

Die Noordelike Sinode het die afgelope ongeveer vyftien jaar met groot vrug gebruik gemaak van die konsep van kleiner Wegbreke. Dit beteken ongeveer vyftien mense wat vir twee nagte by ‘n afgesonderde venue

(eiland-omstandighede) oornag. Hierdie is ‘n konsep wat met groot vrymoedigheid in die toekoms weer gebruik kan word.